

Gereformeerde Kerk Bellville – 18 September 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 49:1 (p. 248)

- 1 Kom luister, volke wat die aarde oordek, / wat woon so ver die wêreldlande strek!
Kom aan, wie klein en arm is in die land, / saam met die rykes, hoog in eer en stand!
My hart en mond bring enkel wysheid voort. / Ek neig my oor en luister na 'n woord;
'n diep geheim – 'n stof vir harpenare – / sal ek vertolk by ruising van my snare.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 33:2, 5 (p. 157)

- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrift van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.
- 5 Die HEER se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.
Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig, / Hy roep net en dit het geskied.
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.

Gebed

Psalm 19:4, 6 (p. 83)

- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.
- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Skriflesing: 2 Timoteus 3:1-17; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 14

Kernvers: 2 Timoteus 3:16-17

Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. (2 Timoteus 3:16-17 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 5, Artikel 14

Dit het God behaag om sy genadewerk deur middel van die verkondiging van die evangelie in ons te begin. So bewaar Hy dit, sit Hy dit voort en voleindig Hy dit deur die aanhoor, die lees en die oordenking van die evangelie, deur die aansporing, vermanings en beloftes daarin en ook deur die gebruik van die sakramente.

'n Verduideliking by artikel 14

Aan die begin van ons Dordtse Leerreëls bely ons: **Om mense tot die geloof te bring stuur God uit genade verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap (van sy liefde) na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hulle diens word mense geroep tot**

bekering en geloof in Christus, die gekruisigde, want: Hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? (Rom 10:14-15).

Om mense tot bekering en geloof in Jesus Christus te bring het God gekies om sy Woord te gebruik. Dit is immers in die Woord van die Here waar ons hoor dat God sy liefde aan mense openbaar deurdadig Hy sy Seun na hierdie wêreld gestuur het.

In hoofstuk 3 en 4 het ons agtergekom dat die Heilige Gees wedergeboorte aan die uitverkorenes skenk. Dit is God se besluit dat die evangelie die middel sal wees waardeur die Heilige Gees wedergeboorte aan die uitverkorenes skenk. Deur die verkondiging van die evangelie besny die Heilige Gees die mens se hart, stort Hy nuwe eienskappe in die mens se wil in, en skep Hy geloof in die mens sodat die mens gehoorsaam die Heilige Gees kan volg en in Jesus Christus begin glo.

Maar die Woord van die Here is nie net die middel wat die Here aan die begin van 'n mens se geloofslawe wil gebruik nie. Hy wil sy Woord altyd in sy mense se lewens gebruik. Wanneer dit dus by die gelowige se volharding in die geloof kom, behaag dit die Here om steeds sy evangelie te gebruik. Deur middel van die verkondiging van die evangelie bewaar die Here sy kinders in die geloof, laat Hy hulle groei in die geloof en maak Hy hulle volkome heilig om uiteindelik in sy ewige koninkryk in te kom.

In hierdie werk van die Here met sy Woord het die gelowige ook 'n verantwoordelikheid. Hy moet luister wanneer die Woord verkondig word en hy moet dit self ook lees. Maar dit gaan verder – hy moet ook die Woord wat hy hoor en lees oordink. Dit wil sê, hy moet daarna streef om agter te kom wat die Here vir hom persoonlik in daardie Woord sê. Want dit is deur die aansporing, vermanings en beloftes in die Woord waarmee die Here sy kind in die geloof bewaar, sy geloof laat groei en hom volkome heilig maak. En om die beloftes van die evangelie nog beter te begryp, het die Here ook sy sakramente ingestel wat Hy die gelowiges beveel om te gebruik.

Tema: Ons het die Woord van God nodig in ons geloofslawe – van die begin tot in die ewigheid

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in baie huise staan daar die een of ander oefenapparaat wat gekoop is. Aanvanklik is daardie apparaat fluks gedurende die eerste maand of twee gebruik. Daarna al hoe minder en nou is die apparaat net nog 'n plek waar jy jou klere oor hang. Jy het die apparaat gekoop met hierdie droom dat jy binne 'n maand of twee gaan lyk soos die atleet in die advertensie van daardie apparaat. Die werklikheid – dit het nie vir jou gewerk nie. As die ou wat dit aan jou verkoop het maar net vir jou gesê het hoe lank dit jou gaan vat om te lyk soos daardie atleet van waar jy nou is, dan het jy miskien nie al die geld uitgegee nie of dan kon jy beter beplan het.

Die boekie van daardie apparaat wat jy gekoop het, het jy vol moed later weer oopgemaak, maar dit net weer neergesit. Jy sien nie kans om die oefenprogram te volg nie. Jy word sommer moeg net van lees aan die boekie. Teësinnig erken jy dat jy 'n swak belegging gemaak het.

Elkeen van ons wat hier bymekaar is, het egter 'n ander boek waarin ons leer om die beste belegging te maak. Wie hierdie boek se instruksies volg, sal nie teleurgestel word. En wat nog wonderliker is, is dat jy nie alleen alles moet doen en maar blindelings moet vertrou dat jy die regte keuses gemaak het nie. Die Skrywer van die boek gaan elke tree van jou

lewe by jou wees. Hierdie boek is bruikbaar vir elke mens. En die boek begin jou leer van waar jy nou is. Die boek waarvan ek praat, is die Bybel.

Die onderrig wat in die Woord aan ons gegee word, is ten volle betroubaar. Dit maak ook nie saak wie jy is, watter werk jy doen of watter kwalifikasies jy het nie. Wie luister na die instruksies wat die Here hierin gee, sal die vrugte pluk wat belowe word. Jy sal nie na 'n tyd hoor dat jy nie die fynskrif mooi gelees het nie. Elke belofte is gewaarborg omdat die Here die belofte maak, maar ook elke dreiging in die Bybel sal uitkom soos wat die Here dit stel.

Broers, susters en kinders, ons begin hierdie artikel met die woorde: ***Dit het God behaag om sy genadewerk deur middel van die verkondiging van die evangelie in ons te begin.*** Die verlossing van die uitverkorenes van die Here is iets wat die Here alleen doen. Jesus Christus alleen dra die toorn van God oor die sondes van die hele menslike geslag omdat Hy as God dit kan dra en Hy as mens dit moet dra, want die loon vir die sonde is die dood. Omdat Christus volmaak aan die regverdige eis van sy Vader voldoen het, het God sy Seun uit die dood opgewek en verhef tot in die hemel aan sy regterhand.

Dit is die genadewerk van God. Mense kry deel aan hierdie genade slegs deur geloof. Daarom laat God sy evangelie aan mense verkondig, want met die verkondiging van die evangelie wek die Heilige Gees die geloof in die hart van die uitverkorenes op. Deur die verkondiging van die evangelie oortuig die Heilige Gees die sondaar van God se liefde vir hom en sodoende skenk die Heilige Gees wedergeboorte aan die mens.

Maar die Here gebruik nie net die evangelie in die begin van sy genadewerk in en aan die mens nie. Dit is die Here se wil en besluit om dwarsdeur die gelowige se lewe met sy Woord in en aan hierdie mens van Hom te werk. En deurdat die Heilige Gees die wedergeboorte aan hierdie mens geskenk het, kom die gelowige self ook agter hoe nodig hy die Woord van die Here het. Die Woord is egter kosbaar vir die gelowige – nie net om dit te hê, soos daardie oefenapparaat wat nou in jou pad staan by die huis nie – maar om dit ook te gebruik. Dit is met hierdie Woord waarmee die Here in jou as gelowige bly werk.

Met ons kernverse oortuig die Heilige Gees ons vanaand dat ons nie eers een dag sonder die Woord van die Here sal kan klaarkom nie. Hy begin om vir ons te sê dat **die hele Skrif deur God ingegee is**. Ons almal het gedeeltes in die Bybel wat ons graag lees. Baie maal gebeur dit dat ons eerder daardie lieflinggedeeltes lees, maar die ander dele van die Skrif maak ons nooit eers meer oop nie.

Wanneer die Heilige Gees sê dat die hele Skrif deur God ingegee is, bedoel Hy inderdaad dat elkeen van hierdie ses en sestig boeke deur God ingegee is. Toe Paulus aan Timoteus geskryf het van die hele Skrif weet ons verseker dat hy van die hele Ou Testament gepraat het. Vir baie gelowiges aan die begin van die Nuwe-Testamentiese tyd was die Ou Testament hulle hele Bybel tot in daardie stadium.

Maar met *die hele Skrif* het Paulus nie net gepraat van die Ou Testament wat ons ken nie. In die briewe wat hy geskryf het, kom 'n mens agter dat Paulus self oortuig was dat sy briewe inderwaarheid die Here se woorde aan die gelowiges is. Die briewe wat hy geskryf het was immers ter ondersteuning en voortsetting van sy prediking. Sy verkondiging was die Woord van God en nie maar net mensewoorde nie (1 Tess 2:13). Daarom kan ons met vrymoedigheid onder die begrip *die hele Skrif* verstaan dat dit die hele Bybel is soos wat ons dit nou ken.

Ons bely in artikel 14 dat die Here die hele Skrif gebruik om sy gelowiges in die geloof te hou en sy genadewerk in hulle te voleindig. Ons bely **So bewaar Hy dit, sit Hy dit voort en voleindig Hy dit ... deur die aansporing, vermanings en beloftes**. Beloftes val welkom op ons oor, maar van nature hou ons nie van vermanings nie. Tog wil die Here met sy hele Skrif – met die beloftes sowel as die vermanings – in die gelowige se lewe werksaam wees. Die hele Skrif is dus vir gelowiges nuttig en waardevol.

Die rede waarom die hele Skrif vir die mens nuttig is, staan duidelik vir ons neergeskryf. Die hele Skrif is deur God ingegegee. In die 1983-vertaling is dit baie goed vertaal – **die hele Skrif is deur God geïnspireer**. Die Woord is in die menseskrywers deur God ingeblaas. Die Heilige Gees het elkeen van die mense wat Hy gebruik het, gelei om die Woord van die Here onfeilbaar neer te skryf. Omdat die Bybel sy oorsprong uit die mond van die Here het, is dit vir die mens waardevol en nuttig. Hierin leer die mens homself ken waar hy is sonder God. Die Here openbaar Homself ook as die God wat mense opsoek. En Hy leer hulle die weg van die lewe. Daarom kan elkeen wat die Bybel lees weet dat hierdie woorde betroubaar is – dit is die Here wat Homself en sy wil aan ons openbaar. En sonder twyfel kan die mens na Hom luister.

Die hele Skrif is **nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid**. Die Skrif is nuttig omdat ons daaruit leer. Ons leer wie is God en Jesus Christus. Ons leer die Here ken in sy almag en wysheid, ontferming en geregtigheid. Ons word geleer wie en wat die kerk van die Here is en watter verhouding daar tussen die Here en sy kerk bestaan.

In sy Woord leer die Here ons nie net leerstellings nie. Hy leer ons ook voorskrifte en beginsels vir die praktiese probleme waarmee ek en jy elke dag te doen kry. Hy leer ons van geld en verhoudings. Hy leer ons van regerings en hoe om kinders groot te maak.

Die Bybel is dus nuttig sodat die gelowige in die regte verhouding met God kan lewe en in die regte verhouding met sy medemens. 'n Regte verhouding is 'n verhouding waarin die Here geëer en verheerlik word.

Die Here leer ons in die Woord die regte dinge, maar Hy laat die verkeerde dinge in ons lewens nie met rus nie. Hy gee sy Woord ook tot weerlegging. Die Heilige Gees gebruik die Woord soos 'n skalpel en 'n mikroskoop in die lewe van die uitverkorenes. Aangesien gelowiges in sonde ontvang en gebore is, is dit eintlik al wat hulle regtig ken totdat die Heilige Gees hulle tot bekering en geloof bring. Daarom gebeur dit dat 'n gelowige iets in sy hart koester en vir hom is dit reg en goed. Hy kan selfs sy gedagtes en dae regverdig, want vir hom lyk dit nie verkeerd nie.

Met die Woord weerlê die Heilige Gees daardie verkeerde gedagtes en dae by die gelowige. Met die mikroskoop van die Woord wys die Heilige Gees ons wat daardie gedagtes en dae werklik is – sonde en opstand teen die Here. Met die Woord besny die Heilige Gees uiteindelik die hart van die gelowige sodat hy self ook van die kwaad in sy hart ontslae wil raak. Dit gebeur gewoonlik nie met die eerste aanhoor van die Here se Woord nie. Soms moet die gelowige herhaalde kere op die verkeerde gewys word voordat hy uiteindelik die sondevlek in sy hart raaksien.

Maar die Heilige Gees wys met die Woord nie net die verkeerde in die gelowige vir hom uit nie. Die sonde word nie net ontbloot nie. Die Skrif is ook tot teregwyding gegee. Met die verkondiging van die evangelie wys die Heilige Gees ook die regte pad vir die gelowige aan. Dit is die pad van bekering en berou en vergifnis smeek in die bloed van Jesus Christus.

Wanneer die Heilige Gees die gelowige ten opsigte van daardie verkeerde saak weerlê het en tereggewys het, gaan Hy voort om met die Woord die gelowig te onderwys in geregtigheid. Vir so baie jare was daardie verkeerde gedagte en daad deel van die gelowige se lewe dat hy self nie weet wat die regte ding is om te doen nie. Daarom onderrig die Heilige Gees hom daarin sodat hy weer tot eer van die Here in die spore van geregtigheid kan wandel.

Ware gelowiges besef dat hulle nie die Woord van die Here maar net op hulle bedkassie of op die rak kan laat bly nie. Die Here wil sy Woord aanhoudend in sy kind se lewe gebruik. Dit is die middel waarmee Hy sy genadewerk in die gelowige bewaar, voortsit en voleindig. Om hierdie rede is dit die verantwoordelikheid van hierdie kerkraad om toe te sien dat die Woord van die Here suiwer verkondig moet word. Daar moenie storiëttjies vertel word nie, want die Here wil nie storiëttjies gebruik nie maar sy lewende Woord.

Ons hoor ook die doel waarvoor die Here sy hele Woord gegee het, **sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus**. Met sy Woord maak die Here sy uitverkorenes volwasse in die geloof – so volwasse soos Christus. Dieselfde gehoorsaamheid en toegewydheid wat Christus aan sy Vader het, wil die Here in elkeen van sy kinders tot stand bring. En hulle moet weet wat om in elke omstandigheid te doen. Daarom rus Hy hulle met sy Woord volkome toe vir elke goeie werk.

Mag die Here elkeen van ons ywerig hou en nog meer ywerig maak om die Woord van die Here aan te hoor, te lees en te bestudeer. Dit is sy werktuig waarmee elke gelowige se lewe verander tot waar die Here dit wil hê.

Amen!

Slotgebed

Psalm 119:2, 3 (p. 585)

- 2 Dis u wil dat ons u woorde / in getrouheid sal betrag.
Kon ek maar, ek sou 't van harte. / HEER, verleen U my die krag!
Ag, was tog my voet maar vaster, / dat ek van die spoor nie dwaal
in u wet my voorgeteken, / en geen skande oor my haal!
- 3 As ek, HEER, u wet wat billik, / reg en waar is, maar kan leer,
dan word U van ganser harte / en opreg deur my geëer.
Ja, ek loof U, want regverdig / is u regte, woord en daad.
Wil dan nimmer my verlaat nie / wat u wet nie wil verlaat.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
18 September 2016